Wes-Kaapse Regering
VIR JOU
Onderwys

# 2024 se beheerliggaamverkiesing

## Laat jou stem tel!

Beheerliggame moet ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), elke drie jaar verkies word. Die doel van die beheerliggaam is om toe te sien dat behoorlik verkose, bekwame en toegewyde persone bestuursverantwoordelikhede vir ons openbare skoolstelsel aanvaar. Verkiesings sal gedurende **Maart 2024** plaasvind. Prinsipale sal ouers oor die datum van die verkiesing by die skool in kennis stel.

### Beheerliggame is noodsaaklik om:

- die gehalte van onderrig in 'n skool te verbeter;
- seggenskap oor skoolbestuur aan alle rolspelers te gee en aanspreeklikheid te verseker;
- toe te sien dat die skool die beste belange van alle leerders, ouers en die breër gemeenskap op die hart dra; en
- goeie bestuur en beheer te verseker.

### Besluite oor belangrike kwessies word aan beheerliggame toevertrou, wat insluit:

- die toelatingsbeleid van die skool;
- die taalbeleid van die skool;
- 'n beleid oor godsdiens by die skool;
- aanvaarding van 'n gedragskode en grondwet;
- die daarstelling van 'n grondwet en missiestelling vir die skool;
- bestuur van die skool se finansies;
- bestuur en beheer van skooleiendom en die begroting;
- aanbevelings oor aanstelling van personeel; en
- ondersteuning van prinsipale en opvoeders in die strewe na gehalteonderrig.

Dit is belangrik dat alle ouers 'n rol in hul kind se skool speel. Dit sluit deelname aan beheerliggaamverkiesings in, dat ouers hulself verkiesbaar stel, of die verkiesing van lede wat sal toesien dat daar goeie beheer is. Hulle moet ook sorg dat hulpbronne wat vir die verbetering van gehalteonderrig en -leer bedoel is, beskerm word. Dit is belangrik om daarop te let dat lede wat op 'n beheerliggaam dien dit vrywillig doen.

## Waarom moet ouers by die beheerliggaam betrokke raak?

Deur aan die beheerliggaamverkiesing deel te neem, het jy as ouer die perfekte geleentheid om moontlikhede en geleenthede vir al die leerders by jou kind se skool te bevorder. Dit is elke ouer se verantwoordelikheid om belangstelling te toon en hul mening te deel wanneer dit by die bestuur van hul kind se skool kom. Hierdie insette sal verseker dat die skool die beste moontlike gehalteonderrig aan al die leerders van die skool bied.

Ervaring het getoon dat skole met groter ouerbetrokkenheid op akademiese én sosiale vlak meer dikwels die skole is wat die beste presteer. Dit is dus belangrik dat alle ouers betrokke raak by die bestuur van hul kind se skool, en die beheerliggaam is die ideale manier om dit te doen.

Moenie huiwer nie! Raak betrokke by jou kind se skool en maak so 'n verskil. As ouer of lid van die gemeenskap is dit jou plig om op enige moontlike manier deel te wees van die skool, en te help waar jy kan. Jou beloning is die verbetering van ons kinders se opvoeding, wat nie net 'n beter toekoms vir hulle sal verseker nie, maar sal bydra tot die positiewe ontwikkeling van Suid-Afrika.

### Wie bestuur die stemproses?

- Die provinsiale kiesbeampte – verantwoordelik om toe te sien dat die verkiesing bevorder word en aan provinsiale prosedures voldoen.
- Die distrikskiesbeampte – koördineer die verkiesings binne die distrik.
- Die skoolkiesbeampte – berei die kennisgewing en logistiek van die verkiesing op skoolvlak voor en bestuur die verkiesing op skoolvlak.

**https://wcedonline.westerncape.gov.za**

# Die stemproses

## Wie mag stem?

- **Ouerlede:** Hoogstens twee persone, per leerder, wie se name in die toelatingsregister as ouers aangeteken is, of wat skriftelik bewys kan lewer dat hulle ouers is van leerders wat by die skool ingeskryf is.
- **Opvoederlede:** Alle opvoeders wat by die skool werksaam is.
- **Nie-opvoederlede:** Alle nie-opvoeders wat by die skool werksaam is.


### 1 Kieserslys



Die kieserslys vir elke kategorie van verkose lede wat op die beheerliggaam sal dien, moet verskaf word, en moet die name van benoembare ouers, opvoeders, personeellede en leerders bevat. Die kieserslys sal 23 dae voor die stemdag sluit.

### 2 Kennisgewing van verkiesing

Die skoolkiesbeampte moet 'n kennisgewing voorberei waarin die datum, tyd en plek vir die nominasie en verkiesing van ouers as lede van die beheerliggaam gemeld word. Hierdie kennisgewing moet minstens 21 dae voor die vergadering waartydens nominasies bekragtig word, uitgereik word.




### 3 Nominasieproses



'n Ouer by 'n skool mag slegs deur 'n ander ouerlid by hul kind(ers) se skool as 'n ouerkandidaat genomineer word.

### 4 Uitbring van stemme




'n Persoon met stemreg moet hul stem in die geheim op 'n stembrief aanteken en die toegevoude stembrief in 'n boks of ander geslote houer wat vir hierdie doel verskaf is, plaas. In gevalle waar 'n elektroniese stemplatform gebruik word, sal alle stemme vertroulik bly.

### 5 Ná die verkiesing



Die skoolkiesbeampte moet elke verkose lid skriftelik in kennis stel dat hulle tot die beheerliggaam verkies is.

### 6 Verkiesing van ampsdraers



Die prinsipaal moet die eerste vergadering van die beheerliggaam byeenroep. Tydens die eerste beheerliggaamvergadering moet lede ampsdraers, sowel as die nuwe voorsitter, tesourier en sekretaris verkies.